

11 September

Skrifgedeelte: 1 Timoteus 4:6-16 (NAV)

Fokusgedeelte: 1 Timoteus 4:8

Geestelike fiksheid met die oog op die belofte van oorwinning

Opvallend hoeveel mense gimnasiums deesdae ondersteun. 'n Gesonde liggaam huisves mos 'n gesonde gees. Die wêreld se sportmanne is helde en verbeter jaarliks in krag en vermoëns. Die klem kan egter verkeerdelik op die waarde van die gesonde, fiks liggaam geplaas word. Die feit is dat die liggaam verouder, daarom is die waarde daarvan van korte duur.

Vir die jong prediker Timoteus was die fiks soldate van die Romeinse ryk en die sterk atlete geen onbekende gesig nie. Dan was daar ook die asketiese dwaalleraars, wat onthouding van die huwelik en van sekere soorte kosse voorgestaan het (4:3). Alles met die belofte van 'n gesonde liggaam.

Ons moet egter nie mislei word tot 'n eensydige lewensdoel net vir hierdie wêreld nie. Wie homself met die Woord van God voed, daarvolgens lewe, die evangelieboodskap onbevrees uitdra, sal 'n groei in geestelike krag ervaar. Dit het waarde vir hierdie lewe, maar ook tot in ewigheid. Dit hou die belofte van lewe in. 'n Geankerde lewe, met visie en hoop, vervul met liefde, rein voor God en medemens. 'n Volle lewe, vry van die slawerny van liggaamlike begeertes.

Rig jou geestelike lewe in soos 'n toegewyde sportman. Oefen jou gereeld in die kennis van die Woord, pas jou leefwyse aan by Christelike waardes, bewys toewyding aan God, reik uit met die evangelie en dien jou naaste met liefde. Sodoende sal jy geestelik groei in krag en volharding.

Hou jou oë gerig op die beloftes van die Here. Geen opponent sal jou daarvan kan beroof nie.

Sing: Skrifberyming (43) 15-7:4

Dr WC Opperman (Windhoek-Suid)